DIE NED. GEREF. GEMEENTE

# SOMERSET-WES

1819-1969

**H.C. HOPKINS**

# INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| | BOODSKAP VAN DIE HUIDIGE LERAAR | 8 |
| | PERSOONLIKE WOORD VAN DIE SKRYWER | 9 |
| I | VOORGESKIEDENIS | 10 |
| II | DORP- EN GEMEENTESTIGTING | 27 |
| III | VORENTOE ONDER EERSTE TWEE LERAARS | 49 |
| IV | DIE LANG DIENSTYD VAN DR. J. F. REITZ | 68 |
| V | DIE NOG LANGER DIENSTYD VAN DS. P. J. PIENAAR | 84 |
| VI | VOORTGESETTE BOU'WERK EN BESTENDIGE GROEI | 104 |
| VII | DOGTERGEMEENTES | 127 |
| VIII | SENDING EN ONDERWYS | 146 |
| | VERNAAMSTE BRONNE | 164 |
| | DONATEURS | 166 |

# PERSOONLIKE WOORD VAN DIE SKRYWER

*„Aan Hom Wat op die troon sit, en aan die Lam . . . die lof en die eer . . .!" Elke vreugdepsalm wat die strydende Kerk op aarde by sy feesvieringe aanhef, moet die triomferende Kerk se loflied wat daar deur die hemelsale ruis, as blye grondtoon hê. En dit is die refrein wat ek ook wil opvang waar ek hierdie werk met groot dankbaarheid en met ewe groot beskeidenheid aan die gemeente Somerset-Wes oorhandig. Beskeidenheid, omdat ek van die gebreke daarvan bewus is. Dankbaarheid, omdat die Hemelvader my in staat gestel het om die taak te voltooi.*

*Die vriendskap van ou en nuwe kennisse het dit vir my 'n genoeglike voorreg gemaak om die vererende opdrag van die kerkraad uit te voer. Almal wat my gehelp het om die stof te versamel, verdien die dank van die gemeente van vandag en môre vir wie die verhaal iets mag beteken. Vir my was dit 'n besielende ondervinding om deur die boek van u gemeente se verlede te blaai. Mag elke leser van hierdie verhaal in daardie besieling deel. Tydig en ontydig het ek die bereidwillige steun en aanmoediging van u ywerige leraar en die egte gasvryheid van sy huismense geniet. Wyle ds. De Bruyn se blymoedige geesdrif bly vir my 'n aangename herinnering. Die hupl wat ek vir 30 jaar of meer reeds in die Kerk- en Staatsargief en in die Suid-Afrikaanse Biblioteek ontvang, stel ek steeds hoog op prys.*

*Aan u almal, kerkraad en gemeente, my dank vir u verdraagsaamheid toe die navorsings- en skryfwerk op 'n moeilike tydstip deur onvoorsiene omstandighede onderbreek is. Ook aan die drukkers my waardering vir hul geduldige volharding om die boek betyds vir die afstigting van 'n nuwe gemeente in Somerset beskikbaar te hê.*

*Sodat hierdie verhaal dié van die gemeente en sy bedrywighede kon bly, moes ek die lig doelbewus net sydelings en in sover dit ons 'n duideliker beeld van die kerklike ontwikkeling gee, op die breër terrein van die gemeenskapslewe laat val.*

*Waar ek u as gemeente(s) die keure van Gods seëninge toebid, herinner ek u daaraan dat voorregte verpligtinge meebring. Hierdie terugblik op 'n grootse en mooi verlede, kán u tot nog groter en mooier dinge in die toekoms aanspoor, maar dit móet u in diepe dankbaarheid na Hom bring Wat u so hoog bevoorreg het!*

H. C. HOPKINS

*Wynberg, September 1969.*

# DIE HERE IS GOED

*„. . . Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en Sy trou van geslag tot geslag" — Ps. 100:5.*

*Honderd-en-vyftig jaar van genade oor die gemeente van Jesus Christus in Somerset-Wes. Hy bou Sy gemeente deur mense ten spyte van die onbeholpenheid van mense.*

*Daarom buig ons in diepe dankbaarheid vir die manne, vroue en kinders wat in hierdie gemeente die mond en die hand was van die Koning van die Kerk. In hierdie dankbaarheid ontvang ons ook hierdie boek as deel van Sy werk deur Sy kneg — die begaafde en ervare ds. H. C. Hopkins — wat Hy genees het na 'n ernstige hartaanval, terwyl hy reeds met die skryfwerk besig was.*

*Die kommissie wat namens die kerkraad met hom onderhandel het, het met waardering kennis geneem daarvan dat hy geen steen onaangeroer gelaat het om van hierdie werk 'n sukses te maak nie. Dit was 'n belewenis om getuie te wees van sy nougesette toewyding en dit is 'n besieling vir elke mens wat sy taak vir elke dag uit die Hand van sy Meester ontvang.*

*Ons waardering gaan ook aan mev. Hopkins vir die hulp wat sy haar man verleen het, veral na sy siekte. Die gemeente buig in dankbaarheid voor die Koning van die Kerk vir die krag wat Hy geskenk het aan hierdie huisgesin, ook in die liggaamlike beproewing. Sy Naam al die eer.*

*Tien dae voor die begin van die feesverrigtinge het Hy Sy jong dienskneg, ds. Jaco de Bruyn, ses-en-dertigjarige medeleraar van hierdie gemeente, uit die tuig uit weggeroep. Daarmee het Hy aan die gemeentefees 'n diepte geskenk en 'n geloofswete dat in die glinstering van die trane van Sy kinders ook die glans van vreugde kan wees — al is dit trane van rou, omdat die dood vir Sy gunsgenote maar net 'n deurgang is tot die eintlike lewe.*

*Waar ons kniel in dankbaarheid, kniel ons ook in oorgawe om wakker te wees in Sy diens. Ons kniel met die wete dat ons in onsself tot heeltemal niks in staat is nie. Maar ons kniel met die innige verlange om gebruik te word in Sy Koninkryk.*

*Ons kniel met die vaste wete dat niemand Sy kinders uit Sy hand kan ruk nie. Ons kniel in die geloof dat niks Sy Koninkryk kan oorweldig nie.*

*Ons bid dat ook ons as lewende stene opgebou word, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring, wat aan Hom welgevallig is deur Jesus Christus.*

*Gerjo v. d. Merwe, V.D.M.*
*(voors. v.d. Kerkraad)*